**NOTULE * MINUTES**

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS

PIETERSBURG MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE PIETERSBURG

OP/ON **06 FEBRUARIE 2018**

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter: Pos tans vakant | Tel. No. | e-pos: |
| Ondervoorsitter: Stephan du Plessis | Tel. No. | e-pos: |
| Sekretaris: Lourens Erasmus | Tel. No. 0718681609 | e-pos: Lourens.Erasmus@ul.ac.za |
| Tesourier: Ben Redelinghuys | Tel. No. 082 417 8857 | e-pos: ben@proquinn.co.za |

---

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING / STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 1.1 | **Opening en verwelkoming / Opening and welcoming**<br>André de lange open met gebed. Vise-voorsitter heet alle lede teenwoordig welkom by die vergadering. | Stephan |
| 1.2 | **Voorlees van Doelstellings**<br>Voorsitter lees die doelstellings van die Vereniging voor en vra die lede om die doelstellings na te streef. | Stephan |
| 1.3 | **Verskonings / Apologies**<br>Pieter Grimbeeck, Stefan Olivier, Alet, Jaques en Al-Louise Swart, Gerhard de Villiers, Hannes Senekal, Adolf Seabi. | Almal |
| 1.4 | **Presensielys / Attendance List**<br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| 1.5 | **Mosies / Motions**<br>1.5.1 André de Lange se moeder is oorlede, ons innige medelye. | Almal |
| 1.6 | **Korrespondensie / Correspondence**<br>1.6.1 Geen korrespondensie ontvang. | Almal |
| 1.7 | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting** | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | 1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>Notule van 16 Januarie 2018 word voorgehou<br>1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br>Regstellings aangebring.<br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by Stan Rodgers.<br>1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by Hennie Chalmers. | |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake vir bespreking**<br>1.8.1 Vuurwapen lisensie hernuwings<br>Lede word weereens daaraan herinner om hulle verantwoordelikheid rakende lisensie hernuwings na te kom. Riglyne is baie spesifiek en vrylik beskikbaar dus het niemand ‘n verskoning om dit nie as sulks toe te pas nie.<br><br>1.8.2 Vuurwapen bevoegdheid hernuwings<br>Onthou dat die bevoegdheid so lank geldig is as die eerste 10 jaar lisensie wat verval. Vir selfverdedigings wapens is die bepaling anders [5 jaar].<br><br>1.8.3 Terugvoer vanaf Polokwane Skietsentrum vergadering<br><u>Oom Kallie se kantoor</u>: daar is bevestig dat so ‘n kantoor spoedig opgerig gaan word om die beheer oor die skietbaan te verbeter. André de Lange dui aan dat Classy Crete met Thinus Botha sal skakel om uit te vind hoe hulle kan help met die projek.<br><u>Sekondêre hek</u>: die saak is bespreek en terwyl almal dit eens is, is daar onsekerheid oor hoe vinnig hierdie proses aangepak gaan word. Daar is n hek beskikbaar op die perseël en die lede by die BJV vergadering word versoek om betrokke te raak om die proses so spoedig moontlik af te handel.<br><u>Skietbaan almanak:</u> daar is versekere nut vir so n elektroniese almanak wat alle skietverwante sake op die skietbaan aandui. Christo Pretorius [Polokwane Skietsentrum] het aangedui dat ons spoedig dit sal ontvang, sodat ons dit op die BJV webblad kan laai.<br><u>Algemene vrae</u>: Die instandhouding van die baan is streng gesproke die verantwoordelikheid van die Polokwane Stadsraad. Dit behels primêr die sny van die gras in en om die bane. Billy staan ook gedeeltelik hiermee by, en hy is verantwoordelik vir die opruiming van die skietbane self. Tans blyk daar ‘n toutrekkery te wees oor vir wie Billy werk. | Stephan |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Hy werk vir die Polokwane Skietsentrum, en as sulks is hy [saam met oom Kallie] verantwoordelik vir die bane. Tog was daar “claims” [tans nog onbevestig] dat n gedeelte van sy salaris deur IPSC betaal word. Dit kan dalk veklaar hoekom IPSC hom baie kere gebruik om hulle bane te help bou.<br><br>1.8.4 Vuurwapen etiket / veiligheid tydens skietdae<br>Hierdie bespreking spruit uit kommer wat uitgespreek is deur nie-BJV lede oor wapen etiket van BJV lede tydens die Januarie kompetisie. Dit blyk dat van ons juniors met haelgewere [ongesak, wel geknak] tussen skietpunte beweeg het. Die krisis het onstaan toe die jongelinge die haelgewere toegemaak het en “aangelê” het voordat hulle op die skietpunt was. Hierdie tipe gedrag word geensins deur BJV ondersteun nie, en ons lede word vriendelik versoek om binne die wetlike bepalings te bly wanneer vuurwapens hanteer word. | |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising**<br>1.9.1 Skietbaan<br>Reeds in 1.8.3 aangespreek.<br><br>1.9.2 Nuwe lede - Goedkeurings<br>Geen. | <br>Stephan<br><br><br>Debbie |
| **1.10** | **Opleiding / Training**<br>Tans word daar terug gestaan met reëlings vir CHASA kursusse, Junior en Baan beampte opleiding tot na afloop van die AJV op 6 Maart 2018.<br><br>**Toegewydejagters / Dedicated Hunters**<br>1.11.1 Algemeen<br>Stuur asseblief inligting deur aan Debbie sodat jou lid profiel op datum gehou kan word.<br><br>1.11.2 Nuwe goedkeurings<br>Geen. | Stan<br><br><br><br>Toegewyde jagters<br><br><br><br>Debbie |
| **1.11** | | |
| **1.12** | **Finansiële verslag / Financial report**<br>Ben Redelinghuys hou verslag voor. Lede word herinner dat daar van Maart af weer jaargelde inbetaal moet word vir die nuwe seisoen. | Ben |
| **1.13** | **Sosiaal / Social** | Stephan |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | 1.13.1. Algemeen<br>Voorsitter nooi lede om na die vergadering saam te kom eet. Tak betaal R35.00 en lid die res.<br><br>1.13.2 BJV Jaareindfunksie / sertifikate<br>Hierdie aktiwiteit gaan beslis voort en sal oorgedra word na die nuwe bestuur wat tydens die AJV in Maart 2018 verkies word.<br>Sertifikate sal tydens die AJV van 6 Maart uitgedeel word. Debbie sal die lede wat sertifikate ontvang kontak, sodat hulle dit tydens die AJV kan ontvang. | |
| **1.14** | **Skietdae**<br>1.14.1 Voorseisoen skietdag 3 Februarie 2018.<br>Hierdie skietdag het baie skielik op ons afgekom. Die feit dat dit in die nuwe CHASA formaat aangebied moes word, het vir André en Dippies ‘n groot uitdaging gebied. Die dag was ‘n reuse sukses, selfs al het ons nie heeltemal die getal skuts gehad wat ons graag sou wou hê nie. Baie dankie André vir die harde werk, en veral die organisasie rondom die haelgeweer baan.<br><br>1.14.2 BJV Skietdag 17 Februarie 2018<br>Hierdie skietdag is uitgestel weens die Uitvoerende AJV wat op Polokwane gaan plaasvind op die dag. Ons volgende kompetisie is in Maart en sal n .22 en jag geweer posliga wees. | |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING / NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | Pietersburg AJV<br>Voorsitter het kennisgewing van die vergadering uitgestuur. Daar moet ook gekyk word na ‘n lid vir borgskappe, een vir die Impala nuusbrief / media / webblad en een vir opleiding.<br>Tydens Bosberaad is besluit dat ledegelde onveranderd gaan bly. | Almal |
| **2.2** | Stephan versoek ons lede om Uitvoerend se vergadering op 17 Februarie by te woon. | |

## 3. ALGEMEEN / GENERAL

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | Daar word kommer uitgespreek oor takke wat nou skielik skietdae wil aanbied wat tel vir die samestelling van spanne wat in Sept 2018 aan die CHASA skiet gaan deelneem. Dit kan slegs in 2019 gedoen word, aangesien die skietdae wat gaan tel vir die 2018 spanne, reeds vasgestel en goedgekeur is. | |

## 4. VOLGENDE VERGADERING / NEXT MEETING

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende vergadering is die AJV op 6 Maart 2018.<br>Die volgende ledevergadering sal plaasvind op 3 April 2018 om 18:00 in die saal. | |

## 5. AFSLUITING / CLOSING

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Stephan bedank almal vir hulle insette en bydraes. | |

## 6. GOEDGEKEUR / APPROVED

______________________ ______________________

Sekretaris Datum

______________________ ______________________

Voorsitter Datum